ATTERBURY
TRUST

# Ons gee om

atterburytrust.org

# *Ons gee graag, want ons gee om*

Oor die afgelope meer as 27 jaar het Atterbury Trust met die hulp van ’n menigte, wat ook graag gee, gegroei tot ’n welwillendheidsorganisasie wat hulp oor ’n wye front verskaf aan dié van ons wat dit werklik nodig het.

Ons ondersteun Afrikaanse studente en opvoeding, verskaf geskenkte landbouprodukte aan hulpbehoewendes, maak seker behoeftige mense ontvang mediese sorg met waardigheid, help om Afrikaanse uitvoerende kunste en musiek vooruit te laat boer en bevorder hulpverlening in sorgbehoewende gemeenskappe.

Atterbury Trust het oor die jare noemenswaardige ondervinding in die bestuur van verantwoordbare welwillendheid opgedoen. Die trust het alle nodige stelsels in plek vir doelmatige algemene en finansiële bestuur. Ons professionele span kundiges beskik ook oor die nodige, relevante vermoë om met gemak ander organisasies se sosiale verantwoordelikheidsbegrotings namens hulle te bestuur en onderhou.

# Studente en opvoeding

Atterbury Trust se innoverende beurslenings-aksies het oor dekades heen reeds sowat 940 jong behoeftige uitblinkers die geleentheid gegee om verder te studeer. Daar is gemiddeld ongeveer 170 tersiêre studente in die beursleningsprogram per jaar.

Mentorskap is vir Atterbury Trust net so belangrik soos finansiële hulp. Hierom word verhoudings met ons beursleningstudente gebou deur middel van individuele mentor-sessies werkswinkels, netwerkfunksies en die bemiddeling van werksgeleenthede.

Die trust is ook aktief betrokke by verskeie skole in behoeftige areas. Gereelde ondersteuning vir skolastiese projekte en infrastruktuurverbeterings word verskaf. Verder word skoolgemeenskappe in aanraking gebring met ons wye netwerk van weldoeners, want welwillendheid is meer as net geldelike hulp.











# *Atterbury Foundation NPC*

Atterbury Foundation NPC is in 2007 as 'n Vlak 1 B-BSEB gesertifiseerde nie-winsgewende organisasie saam met Atterbury Trust gestig. Die stigting fokus op opleiding, werkskepping en sosiale opheffing, met opvoeding as kern. Beurse vir studente, steun aan kleuterskole en toegang tot geleenthede maak 'n werklike verskil.

Die landswye Startwell-voedingsprojek ter bekamping van groeivertraging, wat onder die vaandel van Atterbury Foundation bestuur word, voorsien reeds daagliks gebalanseerde etes aan bykans 3 000 kleuters by 63 vroeëkinderontwikkelingsentrums met steun van WeBuyCars, OUTsurance en ander.
Alle bydraes tel vir B-BSEB-punte.

ATTERBURY
FOUNDATION








# *Terugploeg*

Ons land se boeregemeenskap gee ook graag en met Terugploeg se hulp wat werk word geskenkte landbouprodukte op verantwoordbare wyse onder organisasies wat hulpbehoewendes ondersteun, versprei. Maar dit is beslis nie al nie. Werkverskaffing by die Terugploeg verwerkingsfasiliteit in Rayton, buite Pretoria,  is 'n kern belangrike manier hoe mense wat dit nodig het ondersteun word om hulle eie lot te verbeter.

Met Terugploeg se Boersaam inisiatief is deelnemende beesboere regoor die land geïdentifiseer waar beeste deur lede van die publiek geskenk kan word en waar die aanteel 'n volhoubare bydrae oor die langtermyn verseker.

Die Bosveld buitelug-leefstylbestemming buite Pretoria verseker ook 'n verdere hupstoot om Terugploeg te befonds.

TERUG PLOEG
HULP WAT WERK













# Triomf Kliniek

Atterbury Trust bestuur die  Triomf Kliniek om aan die behoeftige gemeenskap mediese sorg met waardigheid te verskaf. Vir meer as 11 jaar vertrou die mense die kliniek se span vrywilliger-dokters, mediese personeel en ander kundiges om die dienste te verskaf wat hulle beswaarlik sou kon bekostig.

In 2025 breek 'n nuwe seisoen vir Triomf Kliniek aan met die hervestiging te Oaktreelaan 41, Hazelwood, Pretoria. Die sentrale ligging langs die toonaangewende Club Surgical sentrum verseker verhoogde toeganklikheid vir pasiënte sowel as geriefliker bereikbaarheid vir vrywilligerdokters.

Ons doen 'n beroep op medici om tyd vir Triomf Kliniek te bewillig – hoe meer medici gratis hulp aanbied, hoe meer pasiënte kan gehelp word.






TRIOMF

*Uitnemende sorg met waardigheid*



# *Fairtree Atterbury Teater*

Die kunste lê Atterbury Trust na aan die hart en ons ondersteun musici en uitvoerende kunstenaars op verskeie maniere, insluitend deur die bestuur van Fairtree Atterbury Teater, wat 'n wêreldklas teater-ervaring aan die publiek verskaf. Selfs deur die beperkende Covid-tyd kon ons seker maak sake verloop vlot, met innovasies soos aanlyn-konserte.

Dit gaan voor die wind by die teater in Pretoria-Oos, met vol sale en 'n menigdom uitstekende opvoerings om van te kies en keur.

Jaarliks poog die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie om Suid-Afrika se mees belowende jong pianiste te vind om sodoende 'n leemte te vul vir jong pianiste om op nasionale vlak op 'n gelyke platform teen mekaar mee te ding.

FAIRTREE
ATTERBURY
TEATER



# 'n Versnit van welwillendheid

Aan die einde van Januarie as die somer hoogty vier in die Kaap, kom die Vriende van Versnit op die lowergroen grastapyt van Rust en Vrede in Stellenbosch byeen om 'n versnit van die beste Afrikaanse musiek, wyn en vriendskap te geniet.

Maar dit is nie al nie. Deur middel van Versnit is reeds meer as R20-miljoen ingesamel om Atterbury Trust se uitgebreide welwillendheid te ondersteun.

'n Spesiale woord van dank aan Versnit se premium borge Jean Engelbrecht, Toyota en Lexus, wat jaarliks noemenswaardig bydra tot die sukses van dié unieke fondsinsamelingsinisiatief.

VERSNIT

AANGEBIED DEUR ATTERBURY TRUST







# *Raakvat-syfers*

Daar is niks soos syfers om Atterbury Trust se impak te verwoord nie. Hieronder is ons belangrikste blitsfeite:

**Studente en opvoeding (1999 – 2025)**

- 940 beursleningstudente
- 680 grade behaal
- 178 studente in 2025

**Terugploeg (2020 – 2025)**

- Meer as 848 ton landbouprodukte uitgedeel
- 3,4 miljoen etes
- 109 organisasies word ondersteun
- Beeste in Rustenburg, Bela Bela en Askham met Boersaam gevestig
- Terugploeggebou en vleisverwerkingsfasiliteit voltooi
- Die Bosveld en Koffiebos

**Triomf Kliniek (2014 – 2025)**

- 7 358 pasiënte
- 206 Kliniekdae (2024)
- 18 Aktiewe dokters betrokke

**Fairtree Atterbury Teater (2011 – 2025)**

- Meer as 4 000 vertonings
- 1 miljoen besoekers

**Ad-hoc projekte**

- Verskeie welwillendheidsprojekte sedert 2013 in samewerking met mediavennoot GrootFM 90.5
- Studente werksgeleenthede: 2 746 geleenthede sedert 2023 geskep en 'n totaal van R1.1 miljoen aan studente uitbetaal.
- Jaarlikse Atterbury Nasionale Klavierkompetisie (sedert 2011)
- Atterbury Trust se Acapella Universiteit Sangkompetisie
- Projekbestuur van Trust vir Afrikaanse Onderwys se infrastruktuur-projekte by Afrikaanse skole: 17 projekte onderweg
- Survivors gholfdag – administratiewe en finansiële bestuur
- Karoo Suite – opvoedingsgeleenthede vir kinders uit die Karoo in samewerking met Coenie de Villiers en Deon Meyer
- Startwell groeibelemmeringsprojek
- Leersaam: ’n Leesprojek by laerskole
- MengNet: Netwerkgeleenthede vir jongmense onder 35

# *Ons weet jy gee ook graag*

zapper™

As 'n welwillendheidsorganisasie is ons van die skenkings van mense soos jy afhanklik om die werk te kan doen wat ons vooropstel. Om te gee is deel van ons DNS by Atterbury Trust, want ons gee om. As jy wil help, skenk dus gerus aanlyn deur middel van ons Donasiewinkel, want ons weet jy gee ook graag.
atterburytrust.org/donasiewinkel

**Bankbesonderhede vir skenkings**

ATTERBURY TRUST IT 4555/98
FNB 63006546238
Takkode 252445

ATTERBURY FOUNDATION NPC 2007/006504/08
Nedbank 1497193788
Takkode 198765

'n Artikel 18 A-sertifikaat sal aan jou uitgereik word vir die belastingvoordele van 'n skenking.

B-BSEB bevestiging kan uitgereik word vir donasies aan die Atterbury Property Foundation NPC.

**Kontak ons**

Atterbury Trust Pretoria: 012 471 1600
Atterbury Trust Stellenbosch: 021 012 7330
Studentebeurslenings: studente@atterbury.co.za
Terugploeg: info@terugploeg.co.za
Triomf: info@triomf.org
MOI: jenene@atterbury.co.za

**Nedbank Money App Skenkings**

3292470822

# Ons mense



**Zahn Hulme**
Uitvoerende trustee, bemarking en handelsmerkbestuur



**Ananja Koen**
Finansiële en operasionele bestuurder



**Jana Wilbers**
Finansies



**Bianca Rykaard**
Studentekoördineerder



**Surisa Schwalb**
Atterbury Wes-Kaap Finansies en projekte



**Danelle Strydom**
Projekte en Bemarkings-koördineerder



**Liauné Terblanche**
Gemeenskaps-koördineerder



**Leonie du Preez**
GroLife lewensafrigter

# *Ons trustees*




**Louis van Der Watt**
Oprigtertrustee:
Atterbury Trust
HUB: Atterbury-groep



**Zahn Hulme**
Uitvoerende trustee:
Atterbury Trust



**Armond Boshoff**
HUB: Atterbury
Suid-Afrika



**Lood Bester**
Terugploeg-stigter en
sakeman



**Johan du Preez**
HUB: SAAD
Investment Holdings